**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

*Spesiale Intervarsity-uitgawe*

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

DIE OU MUTUAL
bied u die beste in Lewensversekering
SAM 1965

JAARGANG XXI | SATERDAG 20 AUGUSTUS 1966 | BLOEMFONTEIN | No.9

IN U LIG

# WEER INTERVARSITY!

IN DEO SAPIENTIAE LUX



So sing die Pukkies! Vandag is die dag . . . Sing Pukkies sing, want vandag gaan ons die Kovsies skoon van die Vrystaatse Stadion af sing en speel. Die foto is die afgelope week in Potchefstroom geneem waar die Pukke in groot massas by die sing-songs opgedaag het. Foto: Fotokuns.

## Wie gaan die keer wen?

Vandag bots die Pukke en die Kovsies vir die ses en twintigste keer. Die manne van die P.U. het reeds nege en die Kovsies vyftien van die eerstespan se rugbybotsings gewen.

| | | |
|---|---|---|
| 1944: | U.V. | 11— 3 |
| 1945: | P.U. | 4— 3 |
| 1946: | U.V. | 10— 5 |
| 1947: | U.V. | 7— 6 |
| 1948: | U.V. | 20— 6 |
| 1949: | P.U. | 8— 3 |
| 1950: | P.U. | 11— 5 |
| 1951: | P.U. | 6— 3 |
| 1952: | U.V. | 12—11 |
| 1953: | U.V. | 3— 0 |
| 1954: | U.V. | 21— 8 |
| 1955: | P.U. | 16— 3 |
| 1956: | P.U. | 13— 6 |
| 1957: | U.V. | 8— 3 |
| 1958: | U.V. | 19—13 |
| 1959: | U.V. | 24— 6 |
| 1960: | U.V. | 11— 9 |
| 1961: | P.U. | 11— 0 |
| 1962: | U.V. | 14—13 |
| 1963: | U.V. | 28— 5 |
| 1964: | U.V. | 19—11 |
| 1965: | Gelyop | 9— 9 |
| 1966: | ?? | ? ? |



**JASPER BRAND, kaptein van die P.U. se stoeiers. Hy het 'n reuse-aandeel gehad in die organisasie van die P.U. vir dié Intervarsity.** Foto: Fotokuns

## Ons kom roof en plunder

Die aankoms van die Pukke in Kovsieland is nie vrede nie, het die voorsitter van die P.U. se Studenteraad in 'n spesiale Intervarsity-boodskap aan die Kovsies laat weet.

Hy het gesê dat die Pukke niks het om te verloor nie, en alles om te wen.

Hier volg sy boodskap: Haai Kovsies! Sowel uit die geskiedenis van Intervarsities as uit die huidige seisoen, het ons niks om te verloor nie — kan ons niks verloor nie! Op papier is daar baie min wat in ons guns tel. Sowel die afgelope optrede van albei eerstespanne as die feit dat ons in die vreemde moet optree, spreek teen ons. Ons enigste hoop behoort ons eintlik te vestig op die wet van gemiddeldes en die psigologie van die swakkere.

**Maar dit is nie ons hoop nie. Ons gaan julle in die spel self klop . . ons het alles om te wen.**

Hoewel ons koms nie vrede is nie, staan ook die Intervarsity in die teken van die besondere vriendskap wat daar tussen die Puk en Ukovs bestaan. Intervarsity tussen ons het nog nooit die verhoudinge vertroebel nie, maar steeds verbeter.

**VRIENDSKAP**

Mag hierdie Intervarsity dan ook weer dien om ons hartlike vriendskap te vier — 'n vriendskap wat veel dieper reik en veel verder strek as mededinging in sport.

Maar onthou, ons is nie gaste nie, maar invallers. En ons kom om te roof en te plunder!

Tot Saterdagmiddag,
FRANS v. d. WALT.

# PUKKE KAN WENRUGBY HIER OP BLOEMFONTEN SPEEL

„Dat die Pukke vandag wenrugby kan speel staan soos 'n rugbypaal bo 'n grasveld, die Puk het vanjaar 'n beter span as verlede jaar," het mnr. Hans van Zyl, sekretaris van die P.U. Rugbyklub en voormalige hoofdirigent aan Die Wapad gesê.

**Die Kovsies het ook 'n beter span as verlede jaar. Gedagtig aan die gebeure verlede jaar op Olënpark het die studente van die P.U. egter 'n morele voorsprong, het mnr. van Zyl gesê.**

Duisende studente word vanmiddag op die pawiljoene van die Vrystaatse stadion verwag waar die Potchefstroomse studente teen die van Bloemfontein kragte meet.

**PER FIETS**

Uit Potchefstroom is verneem van 'n groot uittog van studente per trein, motor en selfs per fiets. Verskeie studente het reeds vroeër die week per duim uit Potchefstroom na Kovsieland vertrek.

**KOORS**

As die twee eerstespanne vanmiddag op die veld draf, kan 'n rekord skare verwag word. Aan albei inrigtings vir hoër onderwys loop die Intervarsity-koors reeds hoog, word berig. Waarnemers voorspel dat hierdie ses en twintigste Intervarsity een van die kleurrykste in die geskiedenis sal wees.

Wat dink die rugbykapteine van die twee bulspanne? Koekoes Reinecke, kaptein van Kovsies, kon laat gisteraand nog nie opgespoor word nie. Willem Scott, die Pukke se rugbykaptein, het gesê dat hy volle vertroue in sy span het en dat hulle alles in die stryd sal werp om die Pukke se naam hoog te hou.

Verskeie rugbygeesdriftiges van die P.U. wat genader is, is dit almal eens dat daar vir geen oomblik getwyfel kan word aan die Puk se goeie vermoëns nie. Een eerstejaar dametjie het egter van hulle verskil.

„Die eerstespan sal nie die pyp teen die Kovsies rook nie, maar hou maar die tweedespan dop. . . Pieter speel daarin, en hulle gaan maklik wen".


● Wat die uitslag op die rugbyveld ookal mag wees, vanjaar sal die bierdrinkkompetisie bepaal wie die Intervarsity gaan wen, sê baie Pukke.

## Oorsese kenner voor seminaar

'n Tweede byeenkoms van die seminaar vir internasionale politiek van die P.U. het Woensdagaand in die Frans du Toitgebou plaasgevind.

Prof. M. C. Smit, besoekende Nederlandse geleerde aan die Universiteit het 'n insiggewende lesing gelewer oor „Die huidige ontwikkelinge en probleme van die internasionale politiek in Wes-Europa."

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING



**DIE BULT-APTEEK**
Tomstr. 88b & c — Tel. 5943
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



**MARIAN FRIEDMAN, bekende wonderkind van Potchefstroom wat Saterdag in die Konservatorium opgetree het, in gesprek met prof. M. C. Roode, hoof van die Departement Musiek aan die P.U.**

**Collegium Musicum het die klavierkonsert aangebied. Dit het werke van Bach, Scarlatti, Mozart, Beethoven, Debussy en ander moderne komponiste ingesluit.**

**Die konsertgangers het na afloop van die aanbieding met groot lof van die dogter gepraat.**

# BESOEK HUURSOLDAAT OP STELLENBOSCH

**„Want dis pannekoek en wors en koffie vir die dors en 'n hap vir die bobbejaan. . . . . . . ."**

'n Koue, nat Vrydagoggend, veertien Pukke in die „vreemde" en 'n kafeetjie wat amper soos die Insleep lyk. . . . en siedaar die Wes-Transvalers is tuis op Stellenbosch!

Die eerste groepie kongresgangers van die P.U. het die Vrydagoggend voor die kongres reeds aangeland en dit het nie lank geneem voor hulle die poskantoor opgesoek het om „dringende" telegramme huis toe te stuur nie. Tweede op die agenda was 'n kafee. . . . .

**Groot was almal se verbasing toe hulle op die Akker afkom waar Pukdametjies lustig besig was om pannekoek te bak! 'n Paar Puk-hokkiespelers het hulle by die groep aangesluit en dit was nie lank nie, toe is almal „terug in die lewe" met stomende koffie en 'n pannekoek of twee agter die blad.**

Die eienaar van die kafee is mnr. Vloog Theron, Oud-Matie en oud-huursoldaat van die Kongo. Tussen die ete en drinke het die Pukke hulle verkyk aan mnr. Theron se plakboeke oor die onluste in die Kongo. Eienaardig genoeg het die moordtonele die eetlus versterk en is 'n tweede en selfs derde sarsie pannekoek bestel.

Die rede waarom die Pukastertjies die ooreenkoms met die eienaar getref het om pannekoek te bak? Hulle het geweet mnr. Roelf du Plessis is onder die groepie. Die Stellenboschers sou miskien voorbly om die ander Wes-Transvalers se honger te stil, maar hulle was beslis nie bewus van die kapasiteit van die boerklong uit die Weste nie!

## Sê Dankie

Die Sportredaksie van Die Wapad wil hiermee die sportklubs wat so flink reageer het op die versoek om bydraes vir die uitgawe te lewer, hartlik bedank.

Sonder hulle hulp sou die spesiale uitgawe nie moontlik gewees het nie.


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en Sokkies



PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . . dié kafee waar studente hul koeldrankie drink, EN SNOEKER SPEEL!

Tomstraat 86 Tel. 5474


# KINDERS HET ENGELSE LETTERKUNDE NODIG

**Die noodsaaklikheid van 'n deeglike begrip van die Engelse letterkunde by skoolkinders, was een van die besprekingspunte tydens 'n opknappingskursus vir Transvaalse onderwysers wat Engels doseer.**

Die tegniese werk van die kursusgangers is deur twee referate voorafgegaan.

Mnr. H. A. Whitecros, hoof van die onderwysbeplanning en gespesialiseerde dienste, het gesê dat kennis van albei tale noodsaaklik is in die Republiek.

Prof. J. A. Venter van die P.U. het gesê dat net drie persent van die eerstejaarstudente wat Engels as vak neem, daarmee volhou tot die derde jaar.

**Prof. Venter het gesê dit is twyfelagtig dat Engels as 'n tweede taal tot die verlangde vlak aangeleer kan word.**

„Dit is te wyte aan 'n ernstige onderskatting van die onderwysers en leerlinge met betrekking tot Engels," het hy gesê.

## UNIVERSITEIT BREI UIT

Geboue ter waarde van R6,500,000 gaan gedurende die volgende jaar vir Pretoria se universiteite en ander opvoedkundige inrigtinges opgerig word.

Die grootste enkele gebou is die voorgestelde nuwe gebou vir die Universiteit van Suid-Afrika wat teen 'n bedrag van R3,500,-000 by Groenkloof opgerig sal word.

'n Woordvoerder het gesê dat die huidige toestand, waar die universiteit oor vyf geboue dwarsoor Pretoria versprei is, voorkom dat beoogde standaarde behaal word.

## Warm bespreking oor R-feeste

'n Voorstel dat alle Republiekfeeste in die toekoms geboikot word, het op die Nusaskongres wat onlangs in Durban gehou is, warm bespreking uitgelok.

Volgens waarnemers het dit tot die lewendigste bespreking tydens die kongres gelei. 'n Drastiese amendement is later aanvaar dat dit aan indiwiduele gewetes oorgelaat word. Twee-en-vyftig studente het vir die gewysigde voorstel gestem, sestien daarteen en drie het buite stemming gebly.

## *FIETSRAK HET VERDWYN*



**Een van die min tasbare dinge wat die studente van die P.U. aan die voormalige Rektor, prof. Chris Coetzee herinner het, was die ou fietsrak agter die studenteraadskantoor. Prof. Coetzee het elke oggend sy fiets in die rak geparkeer. Wat het intussen van die rak geword?**

**Die Wapad het verlede jaar 'n beroep gedoen dat niemand die rak sal verwyder nie en dat dit later in 'n ereplek aangebring sal word wanneer daar met die uitbreidings van die studentekompleks begin word.**

**Foto: Fotokuns**

## *PERS TIK A.S.B. OP VINGERS*

**"The Afrikaanse Studentebond congress in Stellenbosch appeared to be simply a strident and immature echo of any Nationalist Party gathering. It was pathetic: deadly dull conformism all the way".**

**—Hoofartikel, The Star - 14 Julie**


**„As die A.S.B. nuwe „veroweringstogte" van hom kan laat uitgaan, sou hy baie daartoe bydra om die leemte wat by sommige studente bestaan, te vul. En dan sou daar nie meer soveel vrees vir die toekoms van die A.S.B. hoef te bestaan nie. Sou dit nie 'n goeie plan wees — soos Sir Francis de Guingand aan die hand gedoen het — dat jong Suid-Afrikaners 'n ruk lank met die ontwikkeling van die Bantoegebiede in die Republiek help nie?"**

**—Dawie, Die Burger — 9 Julie**

**"The process of indoctrination is at last beginning to yield practical, tangible, positive terrifying results; and the most startling of these are to be seen in the A.S.B. today. A more brainwashed, inoculated, impregnated, incultated, misinformed, hamheaded, misguided group of students it would be hard to find this side of the Iron Curtain.**

"But we do not blame them for it. On the contrary, we feel sorry for them . . . . They are innocent children. A little introspection may yet help them to escape from the brainwashing they have had all their lives".

**—Hoofartikel, Sunday Times — 10 Julie**




**Twee damesstudente van die P.U. speel handjie-handjie oor een van die groot akkerbome van Potchefstroom wat onlangs moes padgee voor nuwe uitbreidings. Die Departement Plantkunde het die stomp op die foto geneem vir navorsing in verband met die ouderdom van bome** Foto: Fotokuns.

*Agtergrondartikel:*

# Wat het Brown van bekende Suid-Afrikaners geskryf?

**S.E.D. Brown, heksejagter of profeet, vullisblik-draer van McCarthyisme of stem roepende in die woestyn . . . . waar staan die Afrikaanse student vandag teenoor die man wat skaars 'n maand gelede deur die verteenwoordigende Bond van Afrikaanse studente gehuldig is, en nou in die stof getrap word?**

**Vir die eerste keer in 'n lang tyd is die Afrikaanse pers in 'n ongelukkige stryd gedompel oor die werk van dié man en sy blad, die S.A. OBSERVER. Die Burger, Die Beeld, Die Transvaler en Dagbreek maak hom af as 'n Engelstalige wat onbevoeg of ongeroepe is om aan Afrikaners voor te skryf hoe hulle goeie Afrikaners moet wees. Hulle beskuldig hom van uitruikery, heksejagtery, omkrapper van die harmonie in die Nasionale Party en ondermyner van die Afrikaner se vertroue in sy eie leiers.**

Dawie sê die Brown-episode is so goed as verby. Die Afrikaanse politieke lug is gesuiwer en 'n spreidende kwaad is effektief beëindig

Hierteenoor sê die Vaderland dat hoewel hy nie die opset, taal of styl van Brown verdedig nie, daar tog sekere vrae is wat beantwoord moet word.

„Waarom moet 'n Engelssprekende se ywer om die internasionaal-ondermynende magte teen Suid-Afrika te beveg as 'n yslike landseuwel uitgewis word?" vra Die Vaderland.

Hierdie vraag van Die Vaderland bring 'n uiters belangrike aspek van die Brown-dispuut na vóre. Wat is die werklike sonde van die redakteur van die S.A. Observer?

**GEROSKAM**

Die enigste aanwysing in die pers was dat Brown sekere Afrikaner leiers aangeval het. 'n Sydelingse verwysing in Die Burger dui daarop dat dié mense geroskam is oor hulle aandeel in die Suid-Afrika-Stigting en die Suid-Afrikaans-Amerikaanse Uitruilprogram en maatskappydireksies, en omdat Kennedy in een se huis ontvang in en met sy motor vervoer is!!

**Dit opsigself skyn 'n belaglike aantyging te wees. Wanneer vorige uitgawes van die S.A. Observer deurgegaan word blyk 'n ander storie.**

In 1965 is 'n volledige plan vir oorlogvoering teen Suid-Afrika deur die Carnegie Stigting vir Internasionale Vrede uitgewerk (CEIP). Trustees van die Stigting sluit die volgende vyande van Suid-Afrika in:

Philip C. Jessup, die Amerikaanse regter wat in die Wêreldhof teen Suid-Afrika uitspraak gegee het;

Ernest A. Gross, die advokaat van Liberië en Ethiopië in dieselfde Wêreldhofsaak.

Arthur J. Goldberg, verteenwoordiger van die V.S.A. in die V.V.O. en een van Suid-Afrika se grootste teenstanders.

Die CEIP is een van die Amerikaanse Council on Foreign Relations (CFR) se agentskappe, net soos die African-American Institute wat die leiersuitruilooreenkoms in 1958 met Suid-Afrika begin het.

Prof. Vernono McKay is lid van die Amerikaanse komitee van die uitruilooreenkoms het Suid-Afrika etlike maande lank as gas van die organisasie besoek.

**OORLOGVOERING**

Prof. McKay is een van die medewerkers van die CEIP-plan vir oorlogvoering teen Suid-Afrika! Volgens dié plan moet Rusland en die V.S.A. die voortou neem om „Suid-Afrika se politieke en sosiale struktuur te verander".

Verskeie vooraanstaande Afrikaners dien op die Suid-Afrikaanse komitee van die uitruilorganisasie. Dit is hierdie deelname wat Brown onder die vergrootglas geplaas en 'n verduideliking voor gevra het.

In die Januarie uitgawe van vanjaar wys Brown daarop dat Robert Kennedy in sy hoedanigheid as prokureur-generaal 'n groot aandeel gehad het in die opheffing van die verbod op Kommunistiese lektuur in die V.S.A. Binne nege maande na die opheffing is agt miljoen pakkies kommunistiese lektuur in die V.S.A. versprei.

**VRAAGTEKEN**

**Om hierdie rede en ander redes is 'n vraagteken geplaas agter die name van Afrikaners wat Kennedy so gul in Suid-Afrika ontvang het**

In Augustus 1965 wys Brown uitvoerig op die Kommunistiese bedrywighede van Martin Luther King op gesag van die Amerikaanse FBI. Nogtans skryf 'n gereelde artikelskrywer in een van die koerante wat die Observer aangeval het, dat King tot die uitgelese geselskap van Albert Schweitzer behoort en dat hy gehaat word deur diegene wat Negerskole en kerke onder die bomme steek.

In die jongste uitgawe van die Observer beroep Brown hom op Amos 3:3:

**Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het?**

In sommige studentekringe heers daar groot onsekerheid oor die aanvalle van die S.A. Observer op vooraanstaande Afrikaners. Die enigste oplossing is dat die bewerings van Brown ontmasker moet word as kwaadwillige heksejagtery ontbloot van alle waarheid. Tot dan kan die student nie glo dat sulke hoogs aanvegbare (en lasterlike) stellings as McCarthyisme doodgeswyg kan word nie.



**Steve van der Walt, kaptein van die Judoklub van die Pukke.**

Foto: Fotokuns.


## Taai stryd vir Judomanne

**„Die A-span van die P.U. Judoklub sal 'n taai stryd teen die Kovsies voer. Die groot gevaar lê by die swaargewigte. Ons beoog om hulle met ons ervare manne hok te slaan sodat ons liggewigte die wenpunte kan aanteken, het mnr. S. van der Walt, kaptein van die Judoklub in 'n onderhoud gesê.**

**Hy het gesê dat die B-span se kans vir 'n oorwinning oor die Kovsies baie goed is.**

**Die A-span is:**

**Soapy Williams, Frans Jordaan, Len Goodchild, Steve van der Walt en Thys Lourens.**



Bloemfontein
19 Augustus 1963

Beste Fransie,

Hoe gaan dit, met my ook nog droog in die Vrystaat (dis bij ons) Hou jille nog massa-ver-gadering? Ons nie meer nie. Te min om te bespreek. ← Jammer hoor!

Ons hoop jille geniet hierdie maal se Inter-varsitee. Die gras groei ook nie hier nie. Nou speel ons nie meer rukbie nie. (Iemand het mos vir Emily getêkkel.)

Ek wil nie verdag maak onder jille afrikaners nie, maar jille gaan ons nie vanjaar klop nie. (Jille mag antwoord op die aantyginge)

Ons eerstejaars is nou onder „observasie" (hulle moet nasionaal wees)

Groete op Taritaal,
Arrie
(B.A.-spelling. U.O.V.S.)

N.S.
x x x

**Die eerstejaars van die P.U. het aan die begin van vanjaar 'n geheime diens aan die Universiteit gestig. Die fotostatiese afdruk van 'n brief wat vanuit die vlaktes van Siberië aan iemand op die Puk gestuur is, spreek duidelik van die onderdrukking en diskriminasie waaronder die arme mense daar leef. Eerstejaars van sowel Liberalia as Etopia is van plan om die saak by die wêreldhof aanhangig te maak.**

## Kapteine se Boodskap

„Ons gaan probeer om as 'n span saam te speel en die spel te geniet," het die kapteine van die dameshokkieklub, Linda Gerber, gesê.

Die dames spekuleer liewer nie oor die uitslag van die botsing teen die dames van Kovsies nie, het die kapteine gesê. Hulle sal hulle bes doen om in hulle spel die naam van hulle Alma Mater hoog te hou.

**DAMESSPAN**

**Die eerste damesspan lyk soos volg: L. Gerber, A. Welman, C. Malan, A. Botha, A. de Wet, M. Labuschagne, C. de Wet, M. Nolte, M. Yssel, R. Venter en A. Gildenhuys.**



**Linda Gerber, kapteine van die eerste dameshokkiespan van die Pukke.**

Foto: Fotokuns

# Ons Lesers Skryf

## DIE MANSSTUDENTE HET DAMES GOED BESKOU

**Geagte Redaksie,**

**Die afgelope paar maande was ons in die posisie om die Pukdames taamlik objektief te beskou. Ons was instaat om heelwat dinge waar te neem wat andersins ongesien verbygaan. Die skrywe is ook geensins bedoel om in die karakters van die dames in te klim nie.**

Ons dames vergelyk, wat aantreklikheid betref, baie goed met dié van enige ander inrigting. Tog wil dit voorkom asof 'n baie groot persentasie van die dames op die Puk nie omgee hoe hulle op die kampus verskyn nie. Ons het dit hier teen hulle persoonlike netheid, die dames is, om dit nou prontuit te stel, tot 'n groot mate slordig. Tot so 'n groot mate dat 'n dame wat slegs 'n bietjie sorg aan haarself bestee onmiddellik die oog vang. Daarvan sal die meeste mansmense getuig.

**SONDEBOK**

Die grootste sondebok onder die dames is egter die veelbesproke „sit, staan, aankom en wegstap" van 'n dame. Die sittery kan nog gaan, maar die staan en stap is somtyds 'n pyniging vir die manlike oog.

'n Dame jaag nie met generaalstreë oor die kampus klas toe nie, sy trek ook nie so 'n nou rok aan dat sy moet trippel as sy laat is vir die klas nie. Beide laat haar belaglik lyk en doen afbreuk aan haar waardigheid.

**GEBUK**

Dit wil ook voorkom asof ons dames gebuk gaan onder groot probleme. Hoe baie dames sien 'n mens nie wat loop met hangskouers nie, die ken op die bors vasgedruk, in stormpas, wat waarborg om enige man uit die grond uit te loop.

Ons is oortuig daarvan dat 'n dame sommer beter sal voel as sy haar kennetjie optel en die lewe vol in die oë kyk, dan kom die slordige stap ook sommer reg.

'n Man is nie veronderstel om oor sulke dinge te praat nie, maar ons sien dit. Of het ons nou te veel gesê . . .?

Jan A. du Plessis,
E. J. Smit,
C. J. van Rijssen.

(Pleit onskuldig.—Die Red.).

## Editor You're Wrong!

Dear Editor,

We feel that you have prided yourself on finding a weakness in our arguments published in the „Wapad" of August 3. That pride, we are afraid, is about to suffer a fall. You did not spot a weakness, but we can now expose the weakness of your footnote.

The critisizm we made, we were able to make trough the medium of the "Wapad". But will it have any more effect upon the "Studente Raad" than if it had been made in a massavergadering?" We think not!

Yours Faithfully,
Misses Margie Raath
and Linda Briers.

(Then why did you write at all? —Editor).

**Verskeie briewe moes oorstaan tot die volgende uitgawe — Red.**

* Huise
* Plase
* Plotte
* Besighede
* Standplase

BESOEK MY EERSTE VIR 'N EERLIKE TRANSAKSIE

Eienaar:
G. Schoonhoven
Tomstraat 86a Telefoon 5136 Na-ure 6056
Huisarres: Van der Hoffweg 1

J. HEIDEMA
Vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk

Opberging
van fietse gedurende vakansies
Kerkstraat 48 —Tel. 5319

GROSVENOR
EN
GOUGH
MOTORS
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

I. GLASER
— JUWELIER —
VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!
Kerkstraat 187 Tel. 3622

TX MODISTE
(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon
Kerkstraat 183 Tel. 4856

Ruikers vir alle geleenthede
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

die WAPAD

SATERDAG 20 AUGUSTUS 1966

# HIER IS ONS!

WANNEER die Kovsies vandag hierdie uitgawe van Die Wapad lees, het die groot stryd tussen die twee bulspanne al haas op die Vrystaatse Stadion 'n aanvang geneem.

Daarom in die eerste plek 'n woordjie van hartlike dank aan die Kovsies vir nog 'n interessante Intervarsity.

Teen vanaand sal almal weet dat die Pukke die ses en twintigste Intervarsity gewen het — of moontlik die Kovsies? En teen vanaand sal al wat Bloemfonteiner is, seker weet dat die Intervarsity in die Vrystaat plaasgevind het. Maar almal kan daarvan verseker wees dat die tsudente van die P.U. vir C.H.O. kom kuier het om weer die ou-ou bande van vriendskap te hernu. Met 'n gesonde gees en 'n hartlike uitnodiging aan die Kovsies om weer aanstaande jaar op Potchefstroom te kom kuier.

Intervarsity is seker nie net rugby alleen nie. Maar die finale stryd op die rugbyveld het nog altyd die belangrikste posisie ingeneem van al die Intervarsityaktiwiteite. Oor enkele ure, as die twee bulspanne op die veld draf, kan almal daarvan verseker wees dat die Pukke hulle uiterste bes gaan probeer.

Oudergewoonte draf die Pukke weer met 'n ligte spannetjie vol jong spelers op die veld. Maar vir geen oomblik hoef hulle terug te staan vir Ukovs se „provinsiale" span nie. (Die Puk het self vanjaar baie spelers in Tarentaal se eerstespan gehad).

Onthou maar net 1965 se spannende Intervarsity op Potchefstroom, en wees daarvan verseker dat die Kovsiekat se laaste lewe vandag geneem gaan word.

# VERDAGMAKERY

„Die Maties se bloed het gekook". 'n Mosie van dank en waardering vir die werk wat mnr. S.E.D. Brown doen, is in die Eikestad en op die kampus van die Universiteit Stellenbosch eenparig tydens die A.S.B.-kongres aanvaar. Nie een Matie-stem het tydens die kongres opgegaan teen die mosie nie.

Intussen het verskeie studenteleiers van die universiteit in die kongressaal gesit. Maar geen vinger verroer nie. Of het die meeste Maties op die kongres vir die eerste maal van Brown gehoor?

Brown het uitlatings gemaak wat bekende Afrikaners in 'n swak lig kan stel. Dit is net verrassend dat die teenaanval so laat kom. Die aanval van Brown op hierdie Afrikaners is in verskeie uitgawes van die S.A. Observer gevoer. Het die Maties dan laat wakker geword? Of het iemand hulle skielik op die gruwelike aanvalle gewys?

Het Brown gesondig? Die koerante wil dit so skilder. As studente wat by die saak betrokke is, is dit ons reg om in die (miskien laat) stadium te vra waarom die aantyginge van Brown dan nie weerlê is nie. Hoekom die man aanval voordat die saak eers bewys is?

Indien hierdie Engelsman, Brown, se aanvalle op sulke vername Afrikaners nie gegrond is nie, moet die studente van die P.U. vir C.H.O. hulle sterk teen die man uitspreek.

Ongelukkig het die meeste Afrikaanse koerante hard gepoog om Brown by hul lesers verdag te maak *sonder* dat veel feite by die saak betrek is.

Daarom sal die kritiese student nie so maklik wil kant kies in 'n situasie soos hierdie nie.

# *Studente skryf en praat . . .*

**Een ding word al duideliker — die student van Suid-Afrika het 'n stem in ons land en oor die res van die wêreld geword waaraan aandag gegee word.**

—Hoofartikel, Die Perdeby.

**Aspu allowed Sanspa to send an observer to their conference in Stellenbosch this year, which was a tremendous breakthrough in negotiations. But they did not accept Sanspa's invitation to send an observer to their conference.**

—Rhodeo.

**Aspu het Sanspa uitgenooi om 'n verteenwoordiger na die Julie-konferensie in Stellenbosch te stuur.**

—Die Redaksie.

**Die Kovsies gaan vandag op hulle baadjie kry, so seker as wat die Pukke gaan wen.**

—Die Pukstudente.

**Die fout met die Afrikanerstudent is dat hy met alles wat om hom heen gebeur, tevrede is.**

—Irawa.

# In U Lig

**Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal.**

**En aan almal wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles — hulle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike.**

**Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie.**

**Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie.**

# - Deur My Lens -

GEAGTE leser, u sal onthou (voordat u vergeet), dat verlede jaar se Intervarsity gelykop geëindig het. Op sigself beskou is dit sekerlik nie 'n merkwaardige uitslag nie, maar as die agtergrond van die botsing in ag geneem word, het die Pukspan verbasend veel reggekry.

Vanjaar is die milieu van die tradisionele veldslag in baie opsigte dieselfde as verlede jaar toe die plaaslike „vreemdelinge legioen" en sy ondersteuners sogenaamd moes sidder vir die oënskynlik brute U.O.V.S.-kombinasie. Wie kon toe sy oë sluit vir die Kat se pronkrekord van die seisoen en die Puk se twyfelagtige prestasies oorsien? Wie kan dit vanjaar doen?

**SPOG**

Op 20 Augustus sal U.V. spog met 'n span wat nege provinsiale eksponente insluit (hoeveel van hulle „egte" studente is — vergelyk **Die Vaderland, 11/8/1966** — kan ek nie sê nie, maar te oordeel aan die alkooi van die Kovsievyftiental is daar op U.O.V.S. so een student uit elke vyf). Aan die anderkant sal die Pukke met 'n span opdraf wat bo verdenking staan sover dit bona-fide-studente in sy geledere betref. Daar sal ook onder sy spelers 'n paar van provinsiale faam wees — vier het reeds vanjaar vir Wes-Transvaal uitgedraf — maar dan moet ons nie vergeet dat gemelde provinsie nie veel sterker as 'n standaard eerste liga-klubspan beskou kan word nie.

**SELFVERTROUE**

**Hierbenewens is Willem Scott en sy volgelinge se selfvertroue na die afgelope twee wedstryde 'n effense knou toegedien: die Pote het hulle aan die nek beetgekry en grond toe gebring en Tukkies het by hulle oorgeneem en die Pukke se neuse behoorlik in Loftus Versfeld se yl grassies rondgevryf. Daar kan wel tereg vir versagtende omstandighede gepleit word en verskonings aangevoer word, maar 'n neerlaag bly 'n neerlaag en daar moes inderhaas van wans af 'n positiewe ons-kan-baie-beter-speel-benadering by die manne posvat.**

**ONRUSBAREND**

Wat die prentjie nog meer onruswekkend maak is dat die draers van die ougoud en maroen in die twee wedstryde van flussies nooit juis gelyk het of hulle 'n drie kon aanteken nie. Hulle wou of kon nie met die bal hardloop nie en het net vyftien punte deur middel van strafskoppe bymekaargeskraap teenoor 68 punte van die opponente. Dit is 'n illusie om te dink dat U.O.V.S. en die Bloemfonteinse skeidsregters vir die Puk punte pasella gaan gee. Hulle sal vorentoe moet beur en deur elke gaping moet sypel tot agter die wit lyn. Hulle sal deurgaans saam moet jag, saam die jakkalskos moet bykom en daarvan moet afsien om met sporadiese individuele querillataktiek deur die vyandige linie te probeer kavalier.

Vir geen oomblik twyfel ek aan die Puk se goeie vermoëns nie. Dat hulle wenrugby kan speel staan soos 'n rugbypaal bo 'n grasveld. Vergeet van die twee mislukkings — teen Pote was hulle net onverwags hopeloos (en verswak) en Tukkies sou met sy vertoning van 9 Augustus enige klubspan disnis gespeel het. Met Intervarsity sal daar egter geen komplekse wees nie, want dit bly dié nienormale kragmeting van die jaar wanneer 'n reputasie nie tel nie.

As hulle daar op die Vrystaatse Stadion man teen man te staan kom dink hulle nie daaraan dat U.O.V.S. pas teen Wits gewen het wat hulle so laat sukkel het nie. Dan vang die gees die manne en maak van hulle 'n sterker span as wat hulle op papier is.

Puk het vanjaar 'n beter span as verlede jaar. Kovsies ook. Gedagtig aan verlede jaar het die Puk egter 'n morele voorsprong wat deurslaggewend kan wees. Afrigter Piet Malan is 'n verdere faktor wat in die Puk se guns tel. En ons moet onthou dat die Pukke Intervarsity WIL wen om hulle verlore prestige te herwin.

**KAN WEN**

**Alles in ag geneem: die Pukondersteuners hoef nie te dink aan verloor nie. Die eerste span kan wen, sonder voorbehoud.**

Intervarsity is laas in 1956 op Bloemfontein gewen. Met die jaartal 1966 skort niks nie.

Pukkies, die gees op die pawiljoen moet ook net reg wees! Ons sien mekaar dan vanmiddag in die Vrystaatse hoofstad van aangesig tot aangesig in die uur van ons triomf! Die Puk laat sy delwerslisensie tuisbly; hy is nie van plan om weer die onderspit te delf nie.

HANS VAN ZYL.

(Reflector sal voortaan nie weer hierdie rubriek waarneem nie.—Red.)

# Sokkiejol vind vanaand plaas

Daar vind vanaand 'n Sokkiejol om 7.30 nm. in die H. v. DM. Scholtz-saal plaas, volgens die Intervarsity-program van U.O.V.S. Terselfdertyd vind daar 'n bioskoopvertoning in die Landbousaal plaas.


Die Pukke sit aan die suidelike kant van die pawiljoen tydens die hoofwedstryd (regterkant).

Na afloop van die hoofwedstryd vind daar 'n braaivleis op Pelliespark plaas.

**Om 11 nm. vervoer die busse die Pukstudente vanaf die hoofgebou na die Bloemfonteinstasie.**

Volledige programme van die Intervarsity is beskikbaar gestel.

Die voorsitter van die Kovsies se Intervarsitykomitee wens al die Pukkies 'n aangename verblyf in Kovsieland toe.




# Uittredende professor in Geskiedenis weer deur Unisa aangestel

**Prof. D. W. Kruger, bekende historikus en professor in Geskiedenis aan die P.U. vir C.H.O., is aangestel as professor by die Universiteit van Suid-Afrika vanaf 1 Januaarie 1967. Prof. Kruger tree die einde van die jaar uit die diens van die P.U.**

Weens 'n groter belangstelling in die geskiedenisvak sal Unisa vanaf 1967 vir professore in die vak hê. Prof. Kruger sal veral aandag aan nagraadse studente gee.

As gevolg van sy breë ondervinding as dosent en navorser sal Prof. Kruger 'n groot aanwins vir die universiteit wees. Uit sy pen het talle geskiedeniswerke verskyn. Hy was ook redakteur en medeskrywer van **„Die Drie Eeue"**, wat vyf dele beslaan, en van **„Geskiedenis van Suid-Afrika 1652-1961."**

Sy werke sluit ook in **„Paul Kruger" (twee bande) „The Age of the Generals" en „South African Parties and Policies."**

Prof. Kruger is vanaf 1937 dosent in Geskiedenis aan die P.U. en het in 1945 professor geword.

**NEW YORK**

In 1962-63 was hy die John Hay Whithey-professor aan die Universiteitskollege Plattsburgh in die staat New York.

**PLATE**

Dit is onlangs bekend gemaak dat 'n span deskundiges onder leiding van prof. Kruger die afgelope twaalf maande gewerk het aan 'n stel langspeelplate oor die Geskiedenis van Suid-Afrika.

Die stel wat bekend staan as **Klank en Geskiedenis**, gee in hoorbeeld 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf die ontdekking van die Kaap deur Diaz tot en met die totstandkoming van die Republiek

## Morele steun aan Brown

**Die A.S.B.-mosie van dank en waardering vir die werk van mnr. S. E. D. Brown, redakteur van die S.A. Observer, wat tydens die onlangs gehoue kongres eenparig aanvaar is, het die afgelope twee weke 'n storm van protes in Afrikaanse pers ontketen.**

**Die mosie lui: Dat „hierdie kongres, diep onder die indruk gebring van die baanbrekerswerk wat deur die S.A. Obeserver onder redakteurskap van mnr. S. E. D. Brown, hier en in die buiteland in die Engelse pers vir die saak van Suid-Afrika en die Afrikaner gedoen word, hiermee sy opregte dank en waardering aan mnr. Brown Wil betoon en sy daadwerklike en morele steun aan hierdie grootse onderneming wil toesê."**

# *Fisici van P.U. het afgelope week hoog en ver gevlieg*

**Die navorsingsvlug van 4,000 myl wat Dinsdagnag deur die navorsingsgroep van die P.U. langs die Weskus van Afrika tussen Kaapstad en Luanda uitgevoer is, sal volgens prof. P.H. Stoker, na ontleding vrugbare resultate kan oplewer.**

**Prof. P.H. Stoker wat aan die hoof van die groep van die P.U. staan, het gesê dat besondere resultate verwag word. In 1964 is goeie resultate in verband met die Alen-stralingsgordel verkry.**

Die navorsers van die Potchefstroomse en Stellenboschse Universiteite het die afgelope week drie vlugte in 'n Hercules-vliegtuig van die Suid-Afrikaanse Lugmag onderneem.

**DOKTORSGRADE**

Sowel voor as nagraadse studente van die P.U. is in die navorsingspan ingesluit wat verlede week van Potchefstroom af vertrek het. Mnre. J. P. Maree, W. F. Coetzee, en A. J. van der Walt is besig met navorsing vir hulle doktorsgrade.

**GELEENTHEID**

**„Hierdie vlugte bied 'n buitengewone geleentheid aan ons nagraadse studente om op 'n gebied te presteer wat van groot belang vir sowel Suid-Afrika as die internasionale ruimtenavorsing sal wees," het prof. Stoker gesê.**

Die eerste vlug is verlede naweek oor die Suid-Atlantiese oseaan uitgevoer. Die Hercules het Dinsdagnag nege grade suid van die ewenaar omgedraai. Die geselskap was om 10.30 daardie nag bokant die kus van die dood.

## P.U. se Fisici



So lyk die groep van die P.U. wat die afgelope week na Antarktika vertrek het waar daar in samewerking met ander Suid-Afrikaanse universiteite navorsing gedoen mord. Hier is hulle afgeneem voor die Hercules vliegtuig waarmee die reis onderneem word. Die leier van die groep in prof. P.H. Stoker (derde van regs, agter). —Foto: Fotokuns.



**SASOL MOENS, kaptein van die P.U. se sokkerspan wat tydens die Intervarsity met die Kovsies wil afreken.**

Foto: Fotokuns

## A.S.B. MOTIVEER SY MOSIE

Die aanname van mnr. S. E. D. Brown, redakteur van die S.A. Observer dat die Afrikanerskap van sommige Afrikaners noodwendig onder verdenking moet staan vanweë sekere assosiasies, word deur die hoofbestuur van die A.S.B. as totaal ongegrond beskou.

So het die hoofbestuur die afgelope week tydens 'n spesiale vergadering in 'n persverklaring gesê.

„Dit wil egter nie sê dat die kongres of hoofbestuur sonder meer alles onderskryf wat deur die betrokke redakteur gesê en gedoen word nie," lui die verklaring.

Subtiele pogings word, volgens die hoofbestuur se verklaring, aangewend om die A.S.B. verdag voor te stel.

Die rede vir die indiening van die mosie van dankbetuiging vir die werk wat Brown tot dusver gedoen het, word volledig in die verklaring gemotiveer.

# *Koshuisfooie so laag moontlik gehou*

**Studente kan gerus wees dat die Universiteitsowerheid alles in sy vermoë doen om koshuisfooie so laag moontlik te hou, het die rektor van die Vrystaatse Universiteit, prof. P. W. Groenewoudt, onlangs voor 'n massavergadering van UKOVS gesê.**

**Studente het hulle ontevredenheid teenoor 'n verhoging van die fooie uitgespreek.**

Prof. Groenewoudt het gesê dat Suid-Afrikaanse universiteite twee afsonderlike rekenings het; een vir die universiteit en 'n ander vir die koshuise. Vir eersgenoemde ontvang die universiteite subsidies van die Staat, maar nie vir die koshuise nie.

**Die universiteite moet dus self die koshuise bou en in stand hou, iets wat met koshuisfooie alleen nie moontlik is nie. Die geld word alleenlik vir die koshuise aangewend.**

„Ons is maar te dankbaar as die jaarlikse verlies op die koshuise nie te hoog is nie," het prof. Groenewoudt gesê.



Mej. Janette Wissing, kapteine van die korfbalspan van die P.U.

## B.Sc.-kursus moet langer duur

Die B.Sc.-kursus moet tot vier jaar verleng word. Dit is die mening van dr. S. Meiring Naude, voorsitter van die W.N.N.R. tydens die jaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika, wat gedurende die vakansie in Stellenbosch plaasgevind het.

Volgens dr. Naude kan Suid-Afrika 'n waardevolle bydrae lewer tot die vermeerdering van kennis van suiwer sowel as toegepaste fisika.

Die kennis is dringend noodsaaklik as die land tot 'n hoogs geïndustrialiseerde staat wil ontwikkel. Die kennis moet ook deeglik wees, en slegs 'n vierjarige kursus kan die kennis waarborg.

# Honderde studente trek op na Bloemfontein

**Honderde studente van die Potchefstroomse Universiteit het gisteraand per motor en per trein uit die Wes-Transvaalse dorp vertrek na Bloemfontein waar die jaarlikse Intervarsity teen die Universiteit van die Oranje Vrystaat vandag ten einde loop.**

Die studente van die P.U. het die afgelope twee weke voorberei vir hierdie groot gebeurtenis. Byna elke aand is daar ure lank gesing terwyl groot massas saans opgeruk het na die kampus waar daar gees gevang word.

**VRIENDELIK**

Die geesvangery van die Pukke het studentepret uit die boonste rakke opgelewer. 'n Vriendelike klomp studente het Die Bult die afgelope paar dae op horings geneem.

Studente van een manskoshuis het besluit dat vars lug belangrik is vir die ontwikkelende jong man en een nag sak en pak met bed en matras hulle koshuis na die sentrale kampusterrein verskuif.

**VANDAG**

**Die meeste Pukke het eers vanoggend in Bloemfontein aangekom. Verskeie deelnemers aan verskillende sportsoorte het reeds gister gearriveer.**

Waarnemers voorspel dat die Bloemfonteiners hulle gereed kan maak om vandag 'n gemoedelike klomp studente met 'n gesonde studentegees te onthaal.

Dit sal die ses en twintigste Intervarsity tussen die twee inrigtings vir hoër onderwys wees.

SANLAM
vir Beskerming

# Vakatures en Beurse by

# Die Volksblad

## Wil u joernalis word?

Die VOLKSBLAD, Nasionale Koerante se middagblad in Bloemfontein sal met ingang 1967 vakatures vir gegradueerde mans in sy redaksie hê.

Die VOLKSBLAD brei uit en bied uitstekende geleenthede vir die regte persone. Die kanse vir bevordering is baie goed.

## Salarisskale:

MANS MET BACCALAUREUSGRAAD ..... R176 x R12 - R332

MANS MET HOËR AKADEMIESE KWALIFIKASIE: ..... R184 x 12 - R382 x 4 - R332.

DAARNA VOLG HOËR SENIOR SALARISSKALE

## Jaarlikse Bonus:

'n Jaarlikse bonus van $8\frac{1}{2}\%$ van die salaris met 'n maksimum van R100 vir ongetroudes en R200 vir getroudes word betaal.

## Die Koerant bied ook:

'n Goeie pensioenskema, — 'n ongeluksversekering, — 'n Siekte- en siekteverloffonds, — en ander voordele

## Beurse Beskikbaar:


Studiebeurse van R400 vir Studente in hulle eerste, tweede en derde jaar.

Applikante moet matriek met 'n eersteklas geslaag het.

Na voltooiing van die graad onderneem hulle om ten minste drie jaar in die redaksie van DIE VOLKSBLAD diens te doen.

Alle navrae en aansoeke moet voor einde DESEMBER gerig word aan:

**Die Redakteur,**
**Die Volksblad,**
**Posbus 267,**
**Bloemfontein.**



**So gaan dit elke jaar op die kampus van die P.U. as die studente se koors vir die komende Intervarsity kookpunt bereik. 'n Moedelose mnr. C. Coetzer, derdejaar B.Sc.-student op die Puk moes tot sy onsteltenis een oggend ontdek dat die dames van 'n naburige koshuis sy motor gegrimmeer het. Tandepasta, lipstiffie en wie weet wat alles, is vir die proses gebruik. —Foto: Fotokuns.**

# *Aan die Sportfront*

*deur SPREILIG*

DIE groot dag het aangebreek. Te oordeel aan die gees wat hier heers kan 'n mens met sekerheid voorspel dat die kat se hare op alle gebiede gaan waai vandag.

Wat die hoofrugbywedstryd betref is almal pessimisties behalwe die Pukkies. Ons weet dat die vyftien man alles in hul vermoë gaan doen om die Kovsies te troef. Ek sien ook geen rede waarom hulle nie op verlede jaar se prestasie kan verbeter nie. As die P.U.-voorspelers vir Koekoes Reinecke en sy agttal in toom kan hou gaan ons agterlyn die Kovsies hoofbrekens besorg.

In die tweedespanwedstryd kan ons oop en aantreklike rugby verwag. As die Pukke speel soos teen Pote en Tukkies sal UKOVS moet keer vir al wat hulle werd is. Die span beskik oor 'n ligte dog beweeglike pak voorspelers wat moeilik getem gaan word.

**Dawie Dup en Over de Voor gaan beslis met breë glimlagte van die veld af stap. Die O/19-span, na hulle prag-oorwinning teen Tukkies, behoort maklik die pyp te rook.**

### GEEN KANS

Teen hierdie tyd het die stoeiers ook seker reeds hul oorwinning gevier. Die onlangse S.A.U.-toernooi het gewys dat Kovsies nie 'n „kat se kans" het nie.

As ek moet dink aan die ander sportsoorte soos hokkie, tennis, korfbal, sokker en al die ander, sien ek dat dit een van die suksesvolste Intervarsities vir die Pukke gaan wees.

Die idee is egter nie om te speel om te wen nie, maar om die stryd in 'n aangename gees aan te pak en egte studentespel te lewer. Geen span kan sy beste lewer sonder ondersteuning van die pawiljoene af nie. Hier is ons hul baas. Tukkies praat nou nog met lof van die Pukke se gees op Loftus Versveld. Of ons nou wen of verloor maak nie saak nie, op die pawiljoen bly ons baas.

Ek dink dit is 'n gepaste geleentheid om die groot aantal van ons doserende personeel te bedank vir hulle aktiewe belang en ondersteuning van ons sportklubs deur die afgelope jaar. Ook die oud-studente wat in hulle hordes weer vandag teenwoordig sal wees is meer as net welkom.

● **Werk saggies met die Kovsies, manne, en onthou dat „boat race" nie 'n amptelike sportsoort van die P.U. is nie.**



**Dewald Steyn, kaptein van die P.U. se landloopspan wat vandag die Kovsies oor die langafstande gaan laat les opsê.**

## Puk gaan wen in landloop

**„Met slegs een middelmatige landloopatleet, het U.O.V.S. vanjaar nie veel kans teen die Puk nie." Die man wat so praat is Dewald Steyn, kaptein van die P.U. se landloopspan wat tydens vanjaar se Intervarsity sal deelneem.**

Ses van die P.U. se landloopatlete is volgens Dewald Steyn, in staat om voor die eerste Kovsie te eindig.

Die P.U. se landloopspan vir Intervarsity lyk soos volg: Dewald Steyn, Fanus Heysteck, Kobus Jooste, George Müldner, Leendert Snyman, Piet Bredenkamp, Paul van der Merwe, Anton van Rensburg en Francois Venter.

# Verlief Verloof Verlore?



O, die lekker ou Intervarsity! Ag, my ou hart begin sommer trommelslaan op die maat van „Brom . . . Brom . . " as ek die vrolikheid hierdie tyd van die jaar aanskou; as ek sien hoe die eengeslag-bondels wat by die Totiussaal opdaag vir sing en skree, stadig maar seker kleiner word . . en die paartjies al hoe meer. Ja, dan wil hierdie Loeloeraai „op haar magie lê en die groene grassies soen."

Wie sê ek is te vroeg met my lente-aankondiging? Kyk maar net na die slepers. Die mooi, dik eenders gebreide truie van die paartjies is weggebêre. Saans bly dit langer lig en die kaggelvure brand nie meer so elke dag (of nag?) nie. Ai, dis 'n lekker tyd van 'n lekker jaar van 'n lekker lewe, en dis lekker om 'n Pukkie te wees!

### FLATER

Maar ai, waar het hierdie Loeloeraai darem in die vorige uitgawe kleigetrap! Dat ek nou sowaar vir Marba aan die verkeerde ou verloof het! My hart krimp by die gedagte wat die ou se vrou kon gesê of gedoen het. Marba le Roux is verloof aan Chris Aucamp en nie Johan nie. Dit spyt my regtig oor die flater, maar hoop dat dit verder beter sal gaan . . .

Ondertussen het Danie van Wyk en Elma Venter ook 'n blink klippie opgetel en dit laat monteer in 'n ring.

### GETROUD

Kobie (Gieter) van der Walt en Annette Smuts is ook nou al 'n volle maand tussen die verlorenes in die land van die getroudes.

Intussen het ek nog interessante nuus van die Thalia-toergroep ontvang. Toe die bus na die maand se rondrits weer op die kampus stilhou, het almal gedink dat daar net die een koppeling ontstaan het, naamlik dié van Hanneke Elshoff en Flip Buys.

Wat 'n aangename verrassing en ontnugtering was dit egter om uit te vind dat Fanie Coetzee vroeg al met 'n ring met die letters M.L. daarop, rondgeloop het. Dit verklaar natuurlik die F.C.-ring aan Marietjie Laufs se vinger!

### TANT NONNA

**Tant' Nonna se Combi loop darem ook nou oortyd na Johannesburg en terug. Ek wonder nou of Maggie du Buisson of Albie Leiding se glimlag die deurslag gegee het . . of sou die opvoedkundige waarde van „Doctor Zhivago" tant' Nonna se hart vermurwe het? „Heerlik is die studentelewe, Thalia, Thalia!"**

Nouja, alle heil en katspoeg vir die Kovsie-kat. Ek hoor en sien in die koerante ons het darem nou al een wedstryd in Kovsieland met vlieënde bottels gewen. Die leë bottels gaan glo saam as gelukbringertjies . . want die leë bottels veroorsaak die minste geraas.

Groete en sterkte,

LOELOERAAI.

**N.S. En al julle slepers wat vanmiddag weer so styf sit op die verhoog, moet onthou dat geen Kovsie-kyse toegelaat word nie. Kovsieland is onder „kwarentyn" geplaas.**

## Nege Pukke sal pionne skuif

Nege spelers van die P.U.-Skaakklub neem vanjaar deel aan die Intervarsity teen U.O.V.S. in Bloemfontein, het die kaptein, mnr. F. Coetzee, aan Die Wapad gesê.

Hy het gesê dat daar goeie hoop bestaan dat die Pukke die botsing op die skaakbord kan wen.

Die span is: A. L. B. du Plessis, F. A. J. Coetzee, J. S. J. van Vuuren, J. L. van der Merwe, K. N. van der Walt, F. Hoogendyk en mej. S. van der Merwe.

## Tafeltennis wil Kovsies klop

Die spanne van die P.U.-Tafeltennisklub behoort goed te vaar tydens die Intervarsity op Bloemfontein aangesien sowel die mans as die dames se eerstespanne onlangs tydens die interuniversitêre toernooi gewys het waartoe hulle in staat is, het die sekretaresse van die klub die afgelope week gesê.

Die eerste mansspan van die tafeltennisklub lyk soos volg: Pieter van der Walt, Ben Schutte, Charl du Plessis.

Die eerste damesspan vir die Intervarsity lyk soos volg:

Betsie Brits, Yda Ferreira en Saartjie Steyn.

**Pieter van der Walt, kaptein van die P.U. se tafeltennisspan.**





**Mej. Jackie du Pisanie, wat onlangs in die huwelik getree het met Johan Viljoen. Johan (Jona) is 'n oud-kaptein van die P.U. se eerste rugbyspan. Dit was sy span wat voorverlede jaar op Bloemfontein vir een van die spannendste Intervarsities in die geskiedenis gesorg het.**

**Mans- en Sportuitrusters**

Pan Coetzee

U KOOP GRAAG

**VEKA**

daarom koop u by ons, die **ENIGSTE** VEKA-uitrusters in die dorp

**INSLEEP**

***Waarheen almal sleep***

(Nou ook 'n nuwe sleephoekie bygekry)

**Koshuisbestellings Tel. 6039**



*Nuwe hoekie*

## Ons hoop vir Intervarsity?



So lyk die „boat race" span van die P.U. se sokkermanne wat onlangs tydens 'n interuniversitêre sokkertoernooi in Bloemfontein die veelbesproke bierdrinkwedstryd gewen het. By hulle is die trofee wat hulle verower het. Dit is vir 'n paar agtereenvolgende jare deur Tukkies gewen.

—Foto: Fotokuns.

# HOKKIESPELERS IS REG VIR BLIKORE -- KAPTEIN

**Die manshokkiespan van die P.U. het onlangs vir Weermag oortuigend geklop, en hulle kan dus die span van die Vrystaatse Universiteit met vertroue aandurf, het Gert Krüger, kaptein van die span in 'n onderhoud gesê.**

Hoewel Ukovs oor sowel provinsiale as Springbokspelers beskik, gaan die Pukke hulle nie daardeur laat stuit nie, het hy gesê.

Die eerstespan sal ongelukkig Saterdag sonder Bossie Snyman op die veld moet draf. Hy vertrek eersdaags na die buiteland waar hy verder gaan studeer.

**Ons ag ons nogtans mansgenoeg vir die blikore," het die kaptein gesê.**

Die Pukke sien uit na die kragmeting teen die Kovsies, want op die wyse word daar onderlinge agting en waardering vir mekaar opgebou, het Gert Krüger gesê.

Die eerstespan lyk soos volg: A .du Preez, H. Lessing, P. Mulder, J. van der Walt, G. Webster, I. van Aswegen, L. Aucamp, T. Dekker, G. Krüger (kaptein), G. Simpson en I. van Rooyen.



**Gert Krüger, kaptein van die P.U. se manshokkiespan.**

Foto: Fotokuns

## P.U.-Eerstespan

**Heelagter:** Bertie Fourie.
**Vleuels:** Ibbert Joubert en Fires van Vuuren.
**Senters:** Koos du Plooy en Andries du Plooy.
**Losskakel:** Koppies le Roux.
**Skrumskakel:** Jan Schutte (O. Kaptein).
**Voorrye:** Roelf du Plessis en Oubaas van der Merwe.
**Haker:** Deon Malan.
**Slotte:** Coert v/d Merwe en Dave Tromp.
**Flanke:** Leon de Bruin en Carel Kirstein.
**Agtsteman:** Willem Scott (Kaptein).



**Willem Scott, kaptein van die Pukke se eerste rugbyspan (met ligte trui) glimlag breed waar hy na afloop van 'n oefening by sy spanmaats sit. Die Pukke het hulle goed voorberei vir vandag se Intervarsity en die Kovsies kan daarvan verseker wees dat hulle teen waardige teenstanders op die veld draf.**

## Stoeispan klop Kovsies

Die stoeispan van die P.U. wat gister met die Kovsies hier in Bloemfontein klaargespeel het, lyk soos volg:

Kapokgewig: J. Oosthuizen en W. Oelofse.
Veergewig: G. Ehlers en E. Bruere.
Liggewig: J. Joubert, D. Bosman en P. Potgieter.
Weltergewig: J. Boshoff en N. Lindeque en C. Kruger.
Middelgewig: W. Wolmarans en J. Schutte.
Ligswaargewig: J. Preller.

## Wapad apologeer

Die sportredaksie van Die Wapad bied hulle apologie aan die P.U. Pluimbalklub. In die vorige uitgawe is foutiewelik berig dat die Pluimbalklub geslaag het om die dames enkelspel tydens die interversitêre pluimbaltoernooi in te palm.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**



**Koekoes Reinecke, kaptein van die Kovsies se eerste rugbyspan wat vanmiddag op die Vrystaatse rugbystadion teen die Pukke te staan kom. Hy is 'n gereelde speler in die Vrystaatse rugbyspan.**

# Heimat speel dames kapot in korfbalkragmeting

**Die eerste twee korfbalspanne van Heimat, bekende manskoshuis van die P.U. het onlangs teen die voorste damesspanne van die Universiteit uitgedraf, berig ons koshuisverteenwoordiger.**

Die groot korfbalkragmeting is voorafgegaan deur 'n kleurryke optog vanaf Thaba Jäh. Die „spelsters" van Heimat was „geskik" gekleed en smaakvol gegrimeer.

**HEILDRONK**

**Die burgemeester van Heimat het die verrigtinge begin met 'n** heildronk en 'n toespraak.

Die wedstryd tussen die verskillende spanne het in die smaak van die groot skare toeskouers geval. Skouspelagtige spel is gelewer.

Die Heimatters wil die dames van harte bedank vir hulle gesonde sportmanskap. Volgende jaar maak hulle weer so, skryf ons verteenwoordiger.

## Kovsies speel teen Tukkies

**In 'n opwindende wedstryd waarin die uitslag tot in die laaste minute nog in die weegskaal was, het die rugbyspan van die Vrystaatse Universiteit onlangs op Ellispark daarin geslaag om die studente van Wits met 22-18 te klop.**

**Met die oorwinning het die Kovsies gekwalifiseer om in die eindwedstryd op 21 September teen die Tukkies te speel. Die span wat die wedstryd wen buit die interuniversitêre kompetisie.**

# SOKKERMANNE WEEG GOED OP TEEN MEKAAR -- KAPTEIN

**Die eerstespanne van die P.U. en U.O.V.S. het verlede jaar goed teen mekaar opgeweeg, terwyl die Kovsies onlangs tydens die S.A.U.-toernooi 'n verswakte Pukspan met 1—0 gewen het, het mnr. Johan van Wyk, kaptein van die sokkerklub in 'n onderhoud gesê.**

Hy het gesê dat enige voorspellings voor die Intervarsity slegs 'n skoot in die donker sou wees, aangesien beide eerstespanne tydens die Intervarsity op volle sterkte sal wees.

**Die Pukke is vasberade om die Kovsies op hulle tuisveld te verslaan.**

Johan Moens, kaptein van die eerstespan is 'n potensiële wedstrydwenner. Dit sal tot 'n groot mate van sy aanvoering en kombinering met die ander voorspelers afhang of die Pukke baas oor die Kovsies sal wees, het mnr. Van Wyk gesê.

Hy het gesê dat die tweedespan met Manie Spoelstra as kaptein verlede jaar se oorwinning oor die Kovsies kan herhaal. Nogtans sou dit veiliger wees om geen voorspelling te waag nie.

Die A-span bestaan uit: C. Coetzer, A. Wright, P. van Vuuren, F. du Plessis, J. van Wyk, N. Louw, W. Brewis, J. Moens (kaptein), T. Pretorius, F. Meyer en M. Adams met M. Spoelstra en F. van der Westhuizen as reserwes.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

*„Vleispasteitjies en tamatiesous asseblief . . . "*

**Turkstra**

**te kry by u kafeteria**



*Dit is die snit wat tel . . .*

* Alba Broeke
* Mentone Pakke
* Monatic Hemde
* Battersby Hoede
* Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 3411